



PERSVERKLARING – 17 Junie 2016

**CITROGOLD WAARSKU PRODUSENTE: DIE TOESTAAN VAN DIE TANGO  
PLANTTELEERSREG IMPLISEER NIE DAT DIT NIE WESENLIK AFGESTAM VAN  
NADORCOTT IS NIE**

*Die inligting wat versprei word in die media wat aandui dat die toekenning van 'n planttelersreg vir Tango impliseer dat Tango in wese nie afgestam van Nadorcott is nie, is misleidend. Hierdie kwessie is tans die onderwerp van 'n saak voor die Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof in Kaapstad gebring deur **NADOR COTT PROTECTION SARL (NCP) & CITROGOLD (Edms) Bpk** teen **EUROSEMILLAS, STARGROW & OTHERS** (SAAKNOMMER: 17606/14). Dieselfde saak, deur NCP gebring, is ook voor die howe in Valencia, Spanje.*

Produsente wat geraak word deur hierdie ontwikkelinge in die howe moet versigtig wees om nie beïnvloed te word deur die opportunistiese stellings gemaak deur die partye tot die hofsake nie. Dit is belangrik vir produsente om bewus te wees van die volgende inligting met betrekking tot wesenlike afgestamde variëteite (“Essentially Derived Variety – EDV”):

1. 'n EDV is 'n nuwe variëteit afgestam van 'n bestaande beskermdede variëteit en toon die belangrikste eienskappe van die bestaande beskermdede variëteit. Dit is onderskeidbaar (verskillend) van die oorspronklike variëteit waarvan dit afgestam is met 'n paar eienskappe. Om te kwalifiseer as 'n EDV, moet die nuwe variëteit **genoegsaam** onderskeidbaar wees van die oorspronklike variëteit en 'n planttelersreg kan dan toegestaan word.
2. Tango vertoon al die wesenlike eienskappe van die Nadorcott, en verskil van die Nadorcott in slegs 2 eienskappe (in terme waarvan 78 eienskappe vergelyk is tussen Nadorcott en Tango) soos onlangs erken deur die kantoor van die Europese Gemeenskap van Plant Rasse (“*European Community Plant Variety Office*”).
3. Terwyl 'n aparte planttelersreg vir 'n EDV toegestaan kan word sonder die toestemming van die eienaar van die bestaande variëteit waaruit dit afgestam is, kan dit **nie** gekommersialiseer word sonder die magtiging van die eienaar van die bestaande variëteit nie. Tango sal waarskynlik as 'n EDV van Nadorcott verklaar word. Wanneer dit gebeur, sal Tango nie in staat wees om gekommersialiseer te word sonder die toestemming van die eienaar van Nadorcott in gebiede waar Nadorcott 'n bestaande planttelersreg het nie, ten spyte daarvan dat Tango 'n planttelersreg in daardie gebiede het.

Citrogold beveel Suid-Afrikaanse sitrusprodusente aan om die inligting in die media nie te interpreteer dat dit beteken dat die Tango nie 'n EDV van Nadorcott is nie. As Tango deur die howe vasgestel word om 'n EDV van Nadorcott te wees, sal

magtiging van die NCP verkry **moet** word vir aanplantings van Tango in Suid-Afrika asook vir die uitvoer van vrugte na die Europese Unie. Citrogold beveel weer produsente aan om hierdie saak versigtig te oorweeg voor hulle enige duur langtermyn besluite neem rondom aanplantings.

### **Meer oor NCP**

NADOR COTT PROTECTION S.Á.R.L. (NCP) is 'n beperkte maatskappy met sy geregistreerde adres in Saint Raphael, Frankryk. Die NCP is die eienaars van die Nadorcott sitrus variëteit met planttelersreg ZA2004 / 3008 geregistreer in Suid-Afrika.

### **Meer oor Citrogold**

Citrogold (Edms) Bpk is 'n kultivar bestuursmaatskappy wat intellektuele eiendom in Suid-Afrika skep, identifiseer en implementeer met 'n fokus op sitrus. Citrogold is die aangestelde bestuursagent vir die Nadorcott variëteit in Suid-Afrika.